# Ruach Bediening Nuusbrief

April 2024

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrief

1. Gedagte vir die maand ..... 1
2. Gebedsterapie sessies in April 2024 ..... 2
3. Getuienisse ..... 2
4. Sommer net 'n paar gedagtes ..... 2
   a. 21 Dinge om te onthou in jou huwelik ..... 2
   b. 'n Seehuis lewe ..... 4
   c. As ek net ..... 4
5. So terloops ..... 5
   a. Plaasbrak ..... 5
   b. Warm water ..... 5
6. Beplanning vir volgende maande ..... 6
7. Woord in Aksie kampe – Pretoria ..... 7
8. Bybelskool ..... 8
9. Afsluitings Gebed ..... 8

## 1. Gedagte vir die maand



**Johannes 2:4**

**Maar Hy sê vir haar: Waarom sê u dit vir My? My tyd het nog nie gekom nie.**

In die dae wat kom gaan daar geweldige storms losbreek oor die aarde, donderstorms, vulkane, reën, hael en sneeu. Rekord! gaan hulle skreeu. Dit gaan in baie lande plaasvind, oral gaan mense daarvan sterf. Ek waarsku My kinders, Ek berei hulle voor vir die tyd wat kom. Lewe in die lig soos wat Ek lig is. Bid oor alles en vra My wysheid oor elke aspek van jou lewe. Jy gaan dit baie nodig hê in die tyd wat kom. Ek gee jou die volgende teksverse uit my Woord:

**Esegiël 12:2** Mens, jy woon tussen 'n weerbarstige volk. Hulle het oë om te sien, maar hulle sien nie. Hulle het ore om te hoor, maar hulle hoor nie. Hulle is 'n weerbarstige volk.
**Jer 12:8** My eie volk het soos 'n leeu in die bos teenoor My geword, hulle het vir My gebrul, daarom het Ek 'n afkeer van hulle gekry.

**Obadja 1:4** Al bou jy daar in die hoogte soos 'n aasvoël, al sit jy jou nes tussen die sterre, Ek sal jou daar afhaal, sê die Here.

Weë die wat My nie aanbid nie. Alleenlik My bloedverbond sal mense beskerm. Ek stuur tekens, reën, hael en weerligte om My almag te weerspieël. My geliefde kind, My genade is groot vir die wat My liefhet en omsluit My kinders soos 'n skild. Dit beskerm hulle aan alle kante. Kyk! Kyk! Wat Ek vir jou doen. Ek gaan jou kragtig in hierdie tyd gebruik. Ek is Jesus. Wie is daar nog soos Ek? Die deure wat Ek oopmaak kan niemand sluit nie. **EK IS**.

## 2. Gebedsterapie sessies in April 2024

| | |
|---|---|
| 77 | Gebedsterapie sessies in Centurion |
| 8 | Gebedsterapie sessies per Telefoon |
| 24 | Gebedsterapie sessies per Video Call |
| 7 | Gebedsterapie sessies in Delmas |
| 24 | Gebedsterapie sessies in Middelburg |
| 31 | Gebedsterapie sessies in Nylstroom |
| 171 | Totale gebedsterapie sessies vir die maand |

## 3. Getuienisse




Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening:

(Dit gaan alles oor hoe Jesus ook jou, as instrument kan gebruik in Sy Koninkryk: Mat 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.)

**Getuienis 1**: Goeie more Oom, gister het ek gespeel sonder enige pyn in my enkel, vandag is hy ook nie seer nie net bietjie styf. Kan nie dink dat waar ek nie Donderdag op hom kon trap nie loop ek nou normaal sonder pyn!! Dankie dat Oom vir my gebid het, ek glo dit is 'n wonderwerk.

**Getuienis 2**: Sarel, die kinders raas met my omdat ek die Televisie so hard sit, maar die nuwe Televisie se klank is so sag. Die beeld is ook nie lekker nie. Ek was laas keer by jou, jy het gebid vir my oe en ore. Ek kom by die huis, skakel die Televisie aan, maar ek skrik, die klank was so hard. Skielik is die beeld ook perfek. Jy weet, ek is 80 jaar oud, maar ek besef, dit is omdat jy vir my gebid het, dat alles sommer nou reg is. Prys die Here Jesus!!!!

**Getuienis 3**: Goeie dag Sarel. Nogmaals baie dankie vur die rol wat jy gespeel het in my verlossing van verslawing aan alkohol en sigarette.

## 4. Sommer net 'n paar gedagtes



### a. 21 Dinge om te onthou in jou huwelik

- Moenie op mekaar skreeu wanneer julle verskil nie. Dit doen skade aan julle verhouding. (Spreuke 15:1)
- Moenie kwaad praat van mekaar by ander nie. Jou woorde het krag. (Gen 2:19)
- Deel nie mekaar se intimiteit met ander nie. Dis owerspel. (Matt 5:28)
- Vergelyk nie jou maat met ander nie. Jou maat was en is jou keuse. (2 Kor 10:12)

- Weerhou nie intimiteit van mekaar nie. Jul liggame behoort aan mekaar. (1 Kor 7:5)
- Wees sag en liefdevol. Julle het albei immers jul lewens vir mekaar opgeoffer. Dit maak seer wanneer julle ongeskik en onbeskof teenoor mekaar is omdat julle geirriteerd is. Wees sag. (Efes 4:2)
- Gee nie plek vir geheime nie. Julle is een. Geheime veroorsaak verdeeltheid. (Gen 2:25)
- Negatiewe kommentaar teenoor mekaar is afbrekend en doen skade aan jul verhouding sekuriteit. Julle wil veilig voel bymekaar en mekaar bou.
- Jou maat se liggaamsbou bepaal nie hul waarde nie. Waardeer en bemin mekaar tot jul oud is. (Efes 5:29)
- Behandel mekaar met respek voor ander en ook wanneer jul alleen is. Hanteer verskille met liefde en oop kommunikasie wanneer julle privaat is, nie voor ander en nie voor kinders nie. (Matt 1:19)



- Sê gereeld vir mekaar julle waardeer mekaar en respekteer mekaar en dat julle mekaar se moeite en opofferings waardeer. (1 Thess 5:18)
- Maak saam kos sonder kritiek en geniet die samesyn in die kombuis of wys waardeering vir mekaar se kookkuns. (Spr. 31:14)
- Stel nie die kinders se belange voor mekaar nie. Julle het mekaar eerste immers lief. Stel ook nie die famielie eerste nie. (Gen 2:24)
- Belê in mekaar se geestelike groei deur geestelike leestof aan te skaf en bid vir mekaar. Jou en jou maat se verhouding met God is baie belangrik. (Efes 5:26)
- .Spandeer kwaliteit tyd bymekaar en laat mekaar belangrik voel. (Jak 5:16)
- Maak tyd om met mekaar te speel en te lag. Die lewe het genoeg stres en dinge. Julle skryf die verhaal van mooi in jul lewens en julle is daar om mekaar gelukkig te hou. Doen dit terwyl julle kan. (Pred 9:9)
- Moenie dat geld julle vreugde bepaal nie. Maak seker dat dit nie 'n wapen teen mekaar is nie en onthou jul albei verdien die inkomste al is net een op 'n payroll. (1 Pet 3:7)
- Moenie mekaar se swakhede blootstel nie maar bedek dit eerder, jy kan jou eie swakheid so bloodstel en jouself sleg laat lyk. Beskerm mekaar, dit sal jou waarde verhoog. (Efes 5:30)
- Eer mekaar se ouers en reik uit na die kinders. (Hoogl 8:2)
- Moet nooit nalaat om haar te vertel dat jy haar liefhet nie. Sy wil dit altyd hoor. (Efes 5:25)
- Groei in jou  Christenskap, dis die enigste manier hoe jy 'n goeie en Goddelike man en vrou kan wees. (Rom 8:29)

*(Geleen van Faceboek Vriendin - Annette Pruis Nel)*

## b. 'n Seehuis lewe



My geloof is aanmekaar gelap met gate waardeur die twyfelwinde loei.

Die skewe mure van my bietjie-glo-lewe kan enige tyd inmekaar sak!

Om jou lewe aan God toe te vertrou beteken nie dat jy jou huis bou waar daar nooit storms sal woed nie, maar dat jy 'n huis bou wat deur geen storm vernietig kan word nie.

Onthou dat alles wat ons vir ons huisie nodig het, is in God se stoor, alles op die onderste rak, ons kan dit slegs bykom op ons knieë.

Bou my weer Here, grawe die fondament van my huisie dieper. Sit versterkings in en gee my asseblief 'n paar lae genadeverf!

Ja Here, hier is ek: Maak my geloof weer 'n stewig-staan huisie.

Dan, Vader, kom maak my huisie skoon van binne. Dis nie die stof en kolle op die meubels wat oop en bloot is wat my hinder nie, dis die vuil wat ophoop àgter die yskas, ònder die beddens en in die hoeke van die kaste waar niemand dit kan sien nie, maar ék weet dis daar!

In my lewe gaan dit ook so Here, dis die geheime sondes wat my hinder, die wegsteek en bitterheid oor klein dingetjies, die griewe, opvliëende en lelike gedagtes waarvoor ek stilbly en tog, met 'n geheime hoogmoed, dink ek soveel van myself en van ander minder.



U sien alles Here! Help my, om my lewe skoon te maak soos ek graag my huis wil hê. Neem asseblief weg, die spinnerakke en stof van trots, hoogmoed en lelikheid.

Die vuilheid agter die yskas benadeel niemand nie; wel die vuilheid in my hart - dit stoot mense weg.

Vandag wil ek weer eens vir U dankie sê vir alles!

Vader, vandag hang ek 'n bordjie voor my deur wat sê:

ONDER SPESIALE VERSORGING VAN ONS HEMELSE VADER.

## c. As ek net ...



As ek net my tyd kan terugwen!! As ek net eenkeer die "rewind" knoppie van my lewe kan druk , sal ek dinge so ANDERS gedoen het , sou my lewe so beter gewees het.

- By wie is jou hart die veiligste…
- Wie vang jou trane op en praat nooit daaroor nie…
- Wie vang jou trane op en vee jou wange af, sonder vergoeding of by-bedoelings…
- Wie veroordeel nooit jou trane en kla dat jy hul besmet nie…

Antwoord: JOU KUSSING!!!

Wanneer jy so moeg, so gebroke, verward, stukkend en hartseer is, bemoedig jou papnat KUSSING jou:



- Trane reën altyd op die een se KUSSING wat die meeste Sonskyn verdien.
- Moet jouself NOOIT VERWYT oor enige iets wat jy in die lewe gedoen het nie, want op 'n tyd was dit dalk presies wat jy op daardie spesifieke tyd nodig gehad het.
- Maak nie saak vir hoe " lank "jy in 'n verkeerde rigting beweeg het nie, jou KUSSING is altyd daar.
- Jou KUSSING het reeds jou glimlag, emosies, die klop van jou hart en jou diepste gevoelens gememoriseer en weet presies hoe jou nagrus gaan wees.
- Jou KUSSING hang aan ELKE stukkie hoop dat jy môre oggend beter gaan opstaan, dis hoekom jou KUSSING jou so saggies gekoester het deur jou rowwe nag. Dan roep jou KUSSING weer uit , wanneer jy moeg opstaan en na die spieël stap : " Spieëls is net glas, jy is baie meer as dit " Ek het dit eerstehands ervaar.
- Jou KUSSING ervaar hoe jy in die nag aangeval word deur jou " verlede - kantlyn - kolom " . En jou KUSSING se hartklop fluister:" Jy sal weer beter dae ervaar " Hoor my, jy is baie baie spesiaal en kosbaar. Jy is die EEN, daar is niemand soos jy nie. Jou Vader is jou koester KUSSING en dis opgestop met liefdes vere!!!

## 5. So terloops ....

### a. Plaasbrak

'n Plaasbrak kuier by sy neef in Johannesburg. Hulle sit nog so lekker en gesels toe sê die plaasbrak: "Verskoon my." "Waarheen gaan jy?" vra sy neef. "Toemaar, ek is nou-nou terug," antwoord die plaasbrak. 'n Halfuur later kom hy benoud teruggedraf. "En nou?" vra die stadsbrak. "'n Boom! Ek kan nie 'n boom kry nie!" "Pleks dat jy eerder gevra het, hier gebruik ons sommer wieldoppe!"

### b. Warm water

(DEEL DIT ASSEBLIEF MET FAMILIE EN VRIENDE, DIT IS BAIE BELANGRIK EN KAN IEMAND SE LEWE HELP RED.)

Dokters het bevestig dat warm water effektief is om gesondheidsprobleme te help verminder, soos:

1 Migraine
2 Hoë bloeddruk
3 Lae bloeddruk
4 Pyn aan gewrigte
5 Skielike toename en afname in hartklop
6 Epilepsie
7 Toenemende vlak van cholesterol
8 Hoes
9 Liggaamlike ongemak
10 Golu pyn
11 Asma
12 Hoes
13 Blokkering van are
14 Siekte wat verband hou met baarmoeder en urine
15 Maagprobleme
16 Swak eetlus



17 Ook alle siektes wat verband hou met die oë, oor en keel.
18 Hoofpyn

**HOE OM WARM WATER TE GEBRUIK**
Staan vroegoggend op en drink ongeveer 2 glase warm water as die maag leeg is. U kan dalk nie aan die begin 2 glase maak nie, maar stadigaan sal u dit doen.

**OPMERKING:**
MOET NIE 45 minute eet nadat u die water geneem het nie.

Die warmwater terapie sal die gesondheidsprobleme binne ñ redelike tydperk help verminder, soos: - Diabetes binne 30 dae Bloeddruk binne 30 dae Maagprobleme binne 10 dae Blokkering van are binne 6 maande Swak eetlus binne 10 dae Baarmoeder en verwante siektes binne 10 dae Neus-, oor- en keelprobleme binne 10 dae Vroueprobleme binne 15 dae ♥ siektes binne 30 dae Hoofpyn / migraine binne 3 dae Cholesterol binne 4 maande Epilepsie en verlamming voortdurend in 9 maande Asma oor 4 maande

**KOUE WATER IS SLEG VIR JOU !!!**
As koue water u nie op jong ouderdom beïnvloed nie, sal dit u op ou ouderdom benadeel.
* Koue water sluit 4 are van die ♥ en veroorsaak ñ ♥aanval. Koeldrank is die hoofrede vir ñ hartaanval.



Dit skep ook probleme in die lewer.
Dit maak vet vas aan die lewer.
Die meeste mense wat op leweroorplanting wag, is die slagoffers van drinkwater in koue water.

Koue water beïnvloed die binnemure van die maag.
Dit beïnvloed die dikderm en lei tot kanker.

* MOET ASSEBLIEF HIERDIE INLIGTING NIE SELF HOU NIE *
Sê vir iemand om vir ander te sê DIT KAN LEWENS RED - KENNIS IS MAG

## 6. *Beplanning vir volgende maande*

| MIDDELBURG | NYLSTROOM | DELMAS |
|---|---|---|
| Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016** | **Die kontak persoon** vir afsprake is: **Tannie Nellie De La Porte ✆ 079 581 0624** | Maandae is ek in Delmas. Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487** |
| **2024** | **2024** | **2024** |
| 10, 11 Mei | 23, 24 Mei | 6 & 27 Mei |
| 7, 8 Junie | 13, 14 Junie | 3 &10 Junie |
| 12, 13 Julie | 25, 26 Julie | 8 & 22 Julie |
| 2, 3 Augustus | 15, 16 Augustus | 5 & 12 Augustus |
| 6, 7 September | 12, 13 September | 2 & 9 September |
| 4, 5 Oktober | 24, 25 Oktober | 7 & 21 Oktober |
| 8, 9 November | 14, 15 November | 4 & 11 November |
| 6, 7 Desember | Geen | 2 & 9 Desember |

## 7. Woord in Aksie kampe – Pretoria

Kyk op Facebook blad: ***Woord in Aksie*** vir Vroue en Manne kamp datums of op www.wia.org.za.
**Kontak besonderhede:** Woord in Aksie ✆ 010 065 0881






**8.** Bybelskool




**9.** Afsluitings Gebed

Here, hoe wonderlik is U hart vir U kinders, so vol van liefde. Dankie Here, dat almal op aarde in en deur Jesus se bloed en Sy opstandingskrag uit die dood, 'n geleentheid het om U aan te neem as ons Vader en God. Ek loof, eer en aanbid U vir U kosbare liefde, vir elkeen van ons. Vader, laat U wil vir my lewe geskied en laat alles in my lewe wees tot eer en verheerliking van U Naam. Soos in die Hemel, net so ook op die aarde, want aan U behoort die koninkryk, die krag en die heerlikheid, tot in alle ewigheid. In die Naam van Jesus, my Verlosser. Amen.

Baie seëninge vir julle almal - Sarel & Gerda Reinecke

Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee